# SKOOLUNIFORM VIR GRAAD 1-7

(Verwys na die foto's op die laaste twee bladsye)

## 1. Skooluniform (meisies)

### Somer:

- Donkergroen skoolrok met skoolwapen op linkerbors
- Wit kortmou, oopnekhemp
- Donkergroen oortrektrui (moulose V-nek met skoolwapen op linkerbors) - opsioneel
- Donkergroen trui (V-nek met skoolwapen op linkerbors)
- Wit sokkies (enkelhoogte en omgevou; geen 'secret socks' of 'anklets' toegelaat nie)
- Swart skoene

### Winter:

- Donkergroen skoolrok OF grys langbroek (dogter-styl) met 'n ritssluiter aan die kant
- Wit kortmou of langmou oopnekhemp – geen skooldas
- Donkergroen oortrektrui (moulose V-nek met skoolwapen op linkerbors) - opsioneel
- Donkergroen trui (V-nek met skoolwapen op linkerbors)
- Voorgeskrewe groen wintersbaadjie met skoolwapen op linkerbors
- Swart broekiekouse of lang, grys sokkies
- Swart skoene

## 2. Sportdrag (meisies):

- Atletiek: Groen atletiek broek en atletiekhemp
- Hokkie: Groen rompie met "hot pants", groen en geel hemp, groen sokkies met geel strepe
- Netbal: Groen rompie met "hot pants", groen en geel hemp, wit sokkies (geen 'secret socks' of 'anklets toegelaat nie
- Swem: Swart 'racer back' swembroek of groen skoolswembroek, swart of groen swempet (groen rompie met 'hot pants, groen en geel hemp, wit sokkies - geen 'secret socks' of 'anklets toegelaat nie).
- Tennis: Groen rompie met "hot pants", groen en geel hemp, wit sokkies (geen 'secret socks' of 'anklets' toegelaat nie)

- Landloop: Groen kortbroek en atletiekhemp
- LO: Groen rompie met "hot pants" en groen / geel hemp, wit sokkies (geen 'secret socks' of 'anklets toegelaat nie
  - Graad 1 – Graad 3 meisies dra 'n <u>groen kortbroek</u> in plaas van 'n <u>groen rompie</u>.

## Alle sport

- Amptelike skoolsweetpak
- Tekkies moet 'n oorwegende wit, grys of wit kleur wees.
- Sokkies moet enkelhoogte wees en moet omvou; geen 'secret socks' of 'anklets toegelaat nie.
- Donkergroen skoolbroekie moet by skool- en sportklere gedra word.

## 3. Skooluniform (Seuns)

<u>Somer</u>:

- Wit kortmou, oopnekhemp met wapen op linkerkant
- Grys kortbroek
- Donkergroen oortrektrui (moulose V-nek met skoolwapen op linkerbors) - opsioneel
- Donkergroen trui (V-nek met skoolwapen op linkerbors)
- Lang, grys sokkies
- Swart skoene
- Slegs Graad Sewe seuns mag in die somer langbroeke dra.

<u>Winter</u>:

- Wit kortmou of langmou oopnekhemp met skoolwapen op linkerkant
- Grys kort- of langbroek
- Donkergroen oortrektrui (moulose V-nek met skoolwapen op linkerbors) - opsioneel
- Donkergroen trui (V-nek met skoolwapen op linkerbors)
- Voorgeskrewe groen wintersbaadjie met skoolwapen op linkerbors
- Lang grys sokkies
- Swart skoene

## 4. Sportdrag (Seuns)

- Atletiek: Groen atletiekbroek en hemp
- Hokkie: Groen kortbroek, groen en geel hemp en groen sokkies met geel strepe
- Tennis: Groen kortbroek, groen en geel hemp en wit sokkies

- Rugby: Swart kortbroek en rugbytrui
- Mini-krieket: Groen kortbroek, groen en geel hemp en groen sokkies met geel strepe
- Krieket: Groen kortbroek, groen en geel hemp, groen sokkies met geel strepe, wit wye rand kriekethoed (te koop by enige winkel)
- Swem: Swart 'jammer' swembroek of skoolswembroek, swart of groen swempet
- LO: Groen kortbroek, groen en geel hemp, wit sokkies (geen 'secret socks' of 'anklets toegelaat nie)
- Landloop: Groen atletiekbroek en hemp

## Alle sport

- Amptelike skoolsweetpak
- Tekkies moet 'n oorwegende wit, grys of wit kleur wees.

## **Baie belangrike inligting**:

- Sport- en skooluniform mag nie gemeng word nie. Met ander woorde, sweetpakbaadjies mag nie by skooluniform gedra word nie en groen truie nie by sportdrag nie.
- Geen sportsokkies met handelsname, soos Adidas, Nike, ens. Slegs wit sokkies wat enkelhoogte is.
- Sokkies moet enkelhoogte wees en moet omvou. Geen "secret socks" of "anklets" nie.
- Slegs Kenridge skooltasse word toegelaat.

## 5. Hare

<u>Dogters:</u>

- Hare moet skoon, natuurlik en netjies in styl wees. Dit is onderhewig aan die aanvaarbare norme, soos deur die skool gestel.
- Kuiwe mag nie in die oë hang nie. Indien die kuif oor die wenkbroue hang, moet dit geknip of met knippies vasgemaak word. (Opvoeders sal hul professionele opinie in hierdie verband gebruik.)
- Hare wat aan die kraag raak, moet vasgebind word.
- Lang hare moet netjies vasgemaak word. Slegs een of twee boksterte. Geen boksterte aan die kant nie. Netjiese bollas word toegelaat.
- Lang hare mag nie met 'n groot knip of ander versierde knippe opgebind of vasgesteek word nie.

- Hare mag nie gekleur of geperm word nie, en ook geen 'hi-lighting' nie– matige gebruik van gel / haarsproei word toegelaat.
- Slegs groen, wit of swart linte, rekkies, haarbande of knippies word toegelaat (nie bruin nie). Haarbande mag nie breër as 4½ cm wees nie en mag nie as versiersels dien nie.

<u>Seuns:</u>

- Hare moet skoon, kort, netjies en die natuurlike kleur wees.
- Die boonste gedeelte moet uitgedun word en moet eweredig aan die kante en agterkant inval.
- 'n Duidelike, geskeerde lyn wat kort en langer hare skei, word nie toegelaat nie.
- Lang hare word nie toegelaat nie.
- Hare mag nie aan die ore of hempskraag raak nie.
- Geen lang kuiwe nie en kuiwe mag nie aan die wenkbroue raak nie.
- Hare mag nie gekleur of geperm word nie, en ook geen 'hi-lighting' nie– matige gebruik van gel / haarsproei word toegelaat.

## 6. Naels

- Naels moet kort wees.
- Geen naellak op tone en vingernaels nie.

## 7. Juweliersware

<u>Meisies</u>:

- Juweliersware wat aan 'n geloof gekoppel word, mag deur 'n leerder gedra word. In so 'n geval vereis die skool 'n brief waarin ons hiervan verwittig word.
- Slegs 'n eenvoudige horlosie mag gedra word (geen "charm bracelet" tipe horlosies word toegelaat nie).
- Geen helderkleurige horlosie armbande word toegelaat nie.
- Mediese armbande word toegelaat.
- Oorbelle: slegs een paar knoppies oorbelle mag gedra word. Dit mag slegs goud of silwer wees. Geen oorbelle met edelgesteentes mag gedra word nie, en ook nie ringetjies nie.
- Geen hangertjies, ringe of armbande word toegelaat nie.

<u>Seuns</u>:

- Slegs onversierde horlosies en mediese armbande word toegelaat.
- Horlosiebande mag nie helderkleurig wees nie.

## 8. Moslem-leerders

Moslem-leerders word toegelaat om die volgende items saam met hul skooldrag te dra:

- Langmou wit hemp (in die somer)
- Swart serp
- Swart kouse (in die somer). Geen swart kamaste (leggings) word toegelaat nie.

## 9. "Civvies"

- Ouers moet asseblief toesien dat hul kinders die huis met gepaste kleredrag tydens "civvies" dae verlaat.
- Leerders moet netjiese klere dra. Stranddrag, styfpassende klere, klere wat deurskynend en/of onvanpas is, word nie toegelaat nie
- Dieselfde skooluniformreëls vir hare en juwele, geld vir "civvies" dae.
- Rokke, broeke en rompies, wat baie kort is, is ontoelaatbaar.
- Skoene is verpligtend.

**LET WEL:**

Slegs leerders wat aansoek gedoen het, relevante dokumentasie ingedien het en die nodige toestemming van die Skoolbeheerliggaam ontvang het, vir hul godsdienstige en kulturele redes, mag van die amptelike skooldrag afwyk.

**Die Beheerliggaam en / of die skool behou die reg om hierdie dokument te enige tyd te verander, mits die verandering binne die omvang van die oorspronklike dokument bly.**



Someruniform



Winteruniform



Winterbaadjie




Skooltas




Sweetpak en sportsak




LO-klere / Tennis / Netbal




Krieket en hokkie



Swembroek en swempet




Atletiek / Landloop (links)
en Rugby (regs)

*Opgedateer op 2022-02-28*